# ATKV-betrekkings

## ATKV-hoofkantoor
## Projekorganiseerder: taal

Die ATKV is op soek na ’n dinamiese, kreatiewe en strategiese projekorganiseerder: taal wat passievol is oor Afrikaans, taalontwikkeling en gemeenskapsimpak.

As deel van die ATKV se taalafdeling sal jy ’n sleutelrol speel in die ontwikkeling, bestuur en uitbreiding van taalprojekte wat ’n betekenisvolle verskil in gemeenskappe regoor Suid-Afrika maak. Jy sal saam met vennote, belanghebbendes en kollegas werk om projekte te ontwikkel wat die gebruik, bevordering en waardering van Afrikaans versterk.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensnemingsbeleid.

**Vereistes**

- ’n Tersiêre kwalifikasie.
- Minstens twee jaar se ervaring in projekbestuur.
- Kennis van en belangstelling in die Suid-Afrikaanse taal- en kultuurlandskap.
- Goeie administratiewe, rekenaar- en verslagdoeningsvaardighede.
- Geldige bestuurslisensie.
- ’n Passie vir Afrikaans, taalontwikkeling en kultuur.
- Sterk projekbestuur- en organisatoriese vermoëns.
- Moet onafhanklik kan werk, maar ook uitstekend in spanverband funksioneer.
- Uitstekende kommunikasie- en mensevaardighede.
- Moet strategies kan dink en geleenthede raaksien.
- Moet finansiële verantwoordelikheid kan neem.
- Detailgerig sonder om die groter prentjie uit die oog te verloor.
- Bereid om landswyd te reis wanneer projekte dit vereis.

**Vernaamste verantwoordelikhede**

- Ontwikkel en bestuur taalprojekte van konsep tot suksesvolle uitvoering.
- Verbeter bestaande projekte en identifiseer nuwe geleenthede vir taalontwikkeling.
- Stel begrotings op en bestuur dit verantwoordelik.
- Identifiseer risiko’s en ontwikkel oplossings.
- Bou sterk verhoudings met skole, universiteite, taalorganisasies, gemeenskappe en ander vennote.
- Verteenwoordig die ATKV by taalverwante forums, simposia en vergaderings.
- Ondersteun bemarkings- en bewusmakingsveldtogte vir taalprojekte saam met die kommunikasiespan.
- Koördineer projekspanne, beoordelaars, kontrakteurs en ander rolspelers.
- Verseker suksesvolle administrasie, verslagdoening en databestuur van projekte.
- Lewer ’n aktiewe bydrae tot die strategiese groei van die ATKV se taalafdeling.

As jy graag hierdie pos wil beklee, stuur jou volledige CV aan:

ATKV-betrekkings by betrekkings@atkv.org.za
ATKV, Posbus 4586, Randburg, 2125

Sluitingsdatum: **11 September 2026 voor 12:00.**
Gebruik asseblief **HKTAKKE03** as verwysing.

**Indien jy vier weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.**

www.atkv.org.za ATKVSA ATKV_SA @ATKVSA

ATKV